

„Die Nusas.”

Die Offisiële Orgaan van die Nasionale Unie van
Suid-Afrikaanse Studente.



Alle Korrespondensie
moet gerig word aan
DIE REDAKTEUR.

404 Jacobsstraat, Rietfontein,

PRETORIA TVL.

10 April 1933.

193

Waarde Heer,

Dit is herhaaldelik in die verlede gevoel dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n groter bekendmaking onder die verskillende lede van die N.U.S.A.S. van wat daar op elke afsonderlike universiteitssentrum gebeur, en dit word verder gevoel dat in hierdie behoefte gedeeltelik voorsien kan word deur 'n nouer samewerking tussen „Die Nusas” en die lokale blaaië van die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite en universiteitskolleges. Na sorgvuldige oorweging is dit daarom besluit om die redakteurs van Suid-Afrikaanse universiteitsblaaië te nader met 'n versoek dat hulle saam sal werk met die redakteur van „Die Nusas”, sodat „Die Nusas” in staat sal wees om 'n trouer en vollediger weergawe te gee van studentelewe en studenteaktiviteit op die verskillende sentrums.

U word daarom gevra of u u goedkeuring daaraan heg dat „Die Nusas” in elke uitgawe 'n algemene oorsig sal gee van die belangrikste nuusitems en artikels in u blad, en om, waar sulks van voldoende algemene belang geag word, selfs artikels uit u blad te herdruk, en of u met die oog hierop gereeld aan die redakteur van „Die Nusas” 'n eksemplaar van u blad sal afstuur soos dit van tyd tot tyd verskyn.

Geen kommentaar sal deur die redakteur uitgeoefen word op die meriete van oorgenome stukke of nuusitems nie, en waar enigiets oorgeneem word, sal op die gebruikelike wyse u blad vermeld word.

Mag ons reken op u ondersteuning in hierdie saak, en 'n spoedige antwoord?

Ook sal enige nommers van u blad wat reeds gedurende hierdie jaar verskyn het, baie waardeer word.

Met voorlopige dank vir u welwillendheid.

Hoogagtend,
Die uwe,



REDAKTEUR.

"The Nusas."

The Official Organ of the National Union of South
African Students.



All Communications to
be addressed to
THE EDITOR.

11/50

